## CONTENTS -INHOUD


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GENERAL NOTICES· ALGEMENE KENNISGEWINGS** | | |
| 3243 | Town-planning and Townships ordinance (15/1986): Declaration as an approved township: The Orchards Extension 6 | 4 | 206 |
| 3244 | do.: AkasiaiSoshanguve Amendment Scheme 0261A | 5 | 206 |

# GENERAL NOTICES

## ALGEMENE KENNISGEWING 3243 VAN 2007

VERKLARING TOT GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge artikel 69 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965 (Ordonnansie 25 van 1965), verklaar die Administrateur hierby die dorp The Orchards Uitbreiding 6 tot 'n goedgekeurde dorp, onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

DPLG *15/3/2/90n1*

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR HOUSING DEVELOPMENT STRATEGIES (PROPRIETARY) LIMITED INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965 (ORDONNANSIE 25 VAN 1965), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP DIE RESTANT VAN GEDEELTE 75 ('N GEDEELTE VAN GEDEELTE 26) VAN DIE PLAAS HARTEBEESTHOEK NO. 303.J.R., PROVINSIE GAUTENG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM
Die naam van die dorp is The Orchards Uitbreiding 6.

(2) ONTWERP
Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Aigemene Plan L.G. No. A 1261/1982.

(3) STRATE
(a) Die dorpseienaar moet die strate in die dorp vorm, skraap en onderhou tot die tevredenheid van die plaaslike bestuur totdat sodanige tyd wanneer hierdie verantwoordelikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: Met dien verstande dat die Administrateur van tyd tot tyd die dorpseienaar ten volle of gedeeltelik van sy verpligtinge aflos nadat verwys is na die plaaslike bestuur.
(b) Die dorpseienaar moet, op eie koste, aile obstruksies van die padreserwe verwyder tot tevredenheid van die plaaslike bestuur.
(c) Indien die dorpseienaar versuim om aan die bepalings van paragrawe (a) en (b) hiervan te voldoen, is die plaaslike bestuur geregtig om die werk op koste van die dorpseienaar te doen.

(4) BEGIFTIGING
Betaalbaar aan die plaaslike owerheid.
Die dorpseienaar sal, in terme van artikel 63(1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, aan die plaaslike owerheid as begiftiging betaal 'n bedrag van geld gelykstaande aan 15% van die grondwaarde van die erwe in die dorp, waar die bedrag gebruik sal word deur die plaaslike owerheid vir die konstruksie van strate en/of stormwater dreinering in of vir die dorp.
So 'n begiftiging sal betaalbaar wees in ooreenstemming met die bepalings van artikel 74 van die voorafgenoemde Ordonnansie.

(5) BESKIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES
Aile erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale.

(6) GROND VIR MUNISIPALE DOELEINDES
Erf 390 sal oorgedra word aan die piaaslike owerheid deur en ten koste van die dorpseienaar as 'n park.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe, met die uitsluiting van die erf genoem in klousule 1(6), is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgele deur die Administrateur ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965.

(1) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.

(2) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.

(3) Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voomoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpypleidings en ander werke veroorsaak word.

## GENERAL NOTICE 3243 OF 2007

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 69 of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965 (Ordinance 25 of 1965), the Administrator hereby declares The Orchards Extension 6 township to be an approved township, subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

DPLG 15/3/2/90/71

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY HOUSING DEVELOPMENT STRATEGIES (PROPRIETARY) LIMITED UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965 (ORDINANCE 25 OF 1965), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON THE REMAINING EXTENT OF PORTION 75 (A PORTION OF PORTION 26) OF THE FARM HARTEBEESTHOEK NO. 303-J.R., PROVINCE OF GAUTENG, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME
The name of the township shall be The Orchards Extension 6.

(2) DESIGN
The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. A1261*f1982.*

(3) STREETS

(1) The township owner shall form, grade and maintain the streets in the township to the satisfaction of the local authority until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the Administrator shall be entitled from time to time to relieve the township owner wholly or partially from this obligation after reference to the local authority.

(2) The township owner shall, at his own expense, remove all obstacles from the street reserves to the satisfaction of the local authority.

(3) If the township owner fail to comply with the provisions of paragraphs (a) and (b) hereof the local authority shall be entitled to do the work at the cost of the township owner.

(4) ENDOWMENT
Payable to the local authority.
The township owner shall, in terms of section 63 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, pay to the local authority as endowment sums of money equal to 15% of the land value of erven in the township, which amount shall be used by the local authority for the construction of streets and/or stormwater drainage in or for the township.
Such endowment shall be payable in accordance with the provisions of section 74 of the aforesaid Ordinance.

(5) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE
All erven shall be made SUbject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

(6) LAND FOR MUNICIPAL PURPOSES
Erf 390 shall be transferred to the local authority by and at the expense of the township owner as a park.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven, with the exception of the erf mentioned in clause 1 (6), shall be subject to the conditions indicated, imposed by the Administrator in terms of the provisions of the Town-Planning and Townships Ordinance, 1965.

(1) The erf is subject to a servitude, 2m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a pan-handle erf, an additional servitude for municipal purposes 2m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
(2) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2m thereof.
(3) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it, in its discretion, may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

---

## GENERAL NOTICE 3244 OF 2007

AKASIA-SOSHANGUVE AMENDMENT SCHEME 0261A

The Administrator hereby, in terms of the provisions of Section 89 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1965, declares that he approved an amendment scheme, being an amendment of Akasia-Soshanguve Town Planning Scheme, 1996, comprising the same land as included in the township of The Orchards Extension 6.
Map 3 and the scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Gauteng Provincial Government. (Department of Economic Development), Johannesburg, and the Town Clerk, Pretoria, and are open for inspection at all reasonable times.
The amendment scheme is known as Akasia-Soshanguve Amendment Scheme 0261A.

DPLG *15/3/2/90/71* (0261A)

## ALGEMENE KENNISGEWING 3244 VAN 2007

**AKASIA-SOSHANGUVE WYSIGINGSKEMA 0261A**

Die Administrateur verklaar hierby, ingevolge die bepalings van Artikel 89 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1965, dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van Akasia-Soshanguve Dorpsbepianningskema 1996, wat uit dieselfde grand as die dorp The Orchards Uitbreiding 6 bestaan, goedgekeur net,

Kaart 3 en die skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Gauteng Provinsiale Regering, (Departement van Ekonomiese Ontwikkeling), Johannesburg en die Stadsklerk, Pretoria, en is beskikbaar vir inspeksie te aile redelike lye.

Hierdie wysiging staan bekend as Akasia-Soshanguve Wysigingskema 0261A.

**DPLG *15/3/2/90/71* (0261A)**